

Fietsry-rubriek

Cape Epic gee afslag vir 2021

Daar is gemengde gevoelens onder bergfietsryers wat ingeskryf was vir vanjaar se Cape Epic oor die onlangse nuusbrieff van Kevin Vermaak, die stigter, dat vanjaar se inskryfgeld nie terugbetaal gaan word nie, maar dat ryers wel afslag kry as hulle volgende jaar weer wil deelneem.

Vanjaar se Cape Epic-bergfietsmarathon is etlike ure voor registrasie gekanselleer weens die Covid-19-pandemie.

Luidens die verklaring het alle ryers wat ingeskryf was, outomaties toegang tot die 2021-, 2022-, 2023- of ander byeenkomste wat onder die Epic-reeks val (soos die Swiss Epic).

Elke span kry 'n koepon ter waarde van R44 500 wat hulle kan gebruik vir die toekomstige inskrywing. Dit is 50% van vanjaar se inskryfgeld. Indien jy voor 15 Junie betaal, ontvang jy nog 25% afslag, wat dus beteken dat jy R23 000 moet inbetaal om weer volgende jaar aan die Absa Cape Epic te kan deelneem.

Die meeste van die ekstras wat mense gekoop het, soos fotografie-pakkette, word oorgepra na volgende jaar.

“Wat ek nie verstaan nie is dat die Avis-pakkethouers slegs 'n koepon van 65% ontvang. Ons het vanjaar R40 000 ekstra vir die pakket betaal wat opgegradeerde verblyf en vervoer ingesluit het,” sê Roelof van Huyssteen, wat vanjaar sou deelgeneem het. “Dit beteken dat ek en my spanmaat R23 000 plus R16 000 vir die Avis-pakket sal moet betaal om aan die Epic in 2021 deel te neem, so ons inskrywingsgeld gaan teen 15 Junie 2020 by R168 000 staan,” sê Van Huyssteen.

Indien jy nie aan een van die Epic-byeenkomste van 2021, 2022 en 2023 wil deelneem nie, is daar geen terugbetaling nie.

“Al wat jy sal ontvang, is jou Epic-tas en jou goedjies soos 'n T-hemp wat jy saam met die 2020-inskrywing sou gekry het. Dus betaal jy R88 900 vir 'n tas en T-hemp,” sê Van Huyssteen. “Ons word basies gedwing om volgende jaar deel te neem, want as ons nie die R39 000 nou betaal nie, gooi ons eintlik R129 000 in die water.”

Ander wat vanjaar sou deelgeneem het, soos George Todd, die uitvoerende bestuurder van Merchants, sê weer hy is baie beïndruk deur die manier waarop die organiseerders die ryers probeer tegemoetkom.

“Onthou, die bepalinge en voorwaardes is baie duidelik wanneer jy inskryf: as die byeenkoms om die een of ander rede gekanselleer word, verloor jy al jou geld. Ek het nie verwag dat ons enigiets gaan terugkry nie, so alles is nou 'n bonus.” – **Terésa Coetzee**



Mooi in 'n bondel saam. In die Zwift-program kan jy in groepe saamry.

Zwift jouself disnis op jou oefenfiets



TERÉSA COETZEE
@teresacoetzee

Daar is 'n paar goed wat vir die res van my lewe sinoniem sal bly met die staat van inperking en een daarvan is hoe die virtuele fietsryprogram Zwift my by my sinne gehou het. Ek is seker my fietsryvriende voel presies dieselfde.

Zwift werk byna soos 'n rekenaarspeletjie: Jy moet 'n oefenfiets of oefentoestel hê waarop jy jou fiets kan monteer (die een wat die meeste van ons gebruik, is die Wahoo Kickr) en dan verbind jy dit via Bluetooth aan die Zwift-rekenaarprogram.

In dié virtuele fietsrywêreld kry jy dan 'n “avatar” (dis jy in die speletjie) en hier kan jy die hele wêreld vol ry saam met ryers van oral oor, maar veral ook jou eie vriende.

Net voordat die staat van inperking aangekondig is, het mense fietswinkels toe gejaag en die oefentoestel het binne dae uitverkoop. Gelukkig het my vriende David en Petro Labuschagne, eienaars van The Bicycle Company in Centurion, my so jammer gekry omdat ek nie in dié tyd kan fietsry nie dat hulle hul ekstra



Marnus Steyn van Krugersdorp is ten tyde van die staat van inperking hard aan die oefen op sy stoep.

Kickr aan my geleen het.

Dit het soos die goeie ou dae gevoel toe ek name soos dié van die oudrugbyspeler Hempas Rade-meyer en David Bellairs, organiseerder van die Cape Town Cycle Tour, op die TV-skerm om my kon sien toe ek op my fiets klim saam met die Change a Life-liefdadigheidsgroep, saam met wie ek verlede jaar in Sardinië gaan fietsry het. Kobie Kritzinger, streekbestuurder van PSG Belegings, was – nes in Sardinië – ook weer heel voor.

Wanneer die vinnige ouens van die TBC-klub hul stadige “koffieritte” doen, ry ek ook saam met hulle en tussendeur ry ek sommer op my eie: soms om Central Park

in New York en soms in Londen.

Ek het myself nog nooit as vreeslik mededingend beskou nie en hoewel ek gereeld aan renne deelneem, het ek nie so 'n groot begeerte om te wen of doer voor te ry saam met die mense wat so jaag nie. Ek is gewoonlik die een wat skaamteloos van my fiets afklim en 'n bietjie rus wanneer ek moeg is. En almal weet dat ek lekker kan piekniek hou by die waterpunte, veral as daar eethappies op die tafels is. Ek het al in die middel van die tweede skof van die Tankwa Trek saam met my spanmaat, Ivan, gaan lafenis soek in 'n dammetjie en in die laaste skof van een Cape Pioneer Trek het ons sommer langs die pad al

begin sjampanje drink.

Maar skielik, vandat ek op Zwift is, ontdek ek nou 'n mededingende kant. Soms ry ek myself heeltemal disnis, so erg dat dit vir my voel ek moet ná die tyd eers 'n bietjie op my bed gaan lê en herstel. Elke keer as 'n buitlander my verbystek, trap ek harder en vandat ek ontdek het dat ek allerlei belonings kry – soos nuwe fietsryklere en selfs toerusting (als in die virtuele wêreld) – trap ek my sommer in 'n nuwe fiksheidsone in.

Hoe meer 'n mens op Zwift ry, hoe meer belonings kan jy oopsluit en punte kry. Soos 'n rekenaarspeletjie is daar ook meer roetes wat vir jou oopgesluit word namate jy vorder en nuwe plekke wat jy kan ontdek.

Op Zwift kan jy ook aan spesifieke renne deelneem en met ander atlete meeding of jy kan spesifieke oefenprogramme volg as jy byvoorbeeld vir 'n 100 km-ren wil voorberei. Jy kan selfs vir mense om jou wuif en boodskappe aan hulle stuur.

Kyle Peterson, een van die ouens in ons Woesrand-klub, is op die oomblik besig met 'n Zwift-uitdaging, waar hy 24 uur aaneen gaan ry. Enigiemand kan op sy of haar fiets klim, saam met hom ry en hom 'n bietjie motiveer.

Môre doen die ryer Clinton Poson die wêreldbekende Everesting-uitdaging, waar jy die totale vertikale klim doen gelykstaande met die hoogte van Everest. Gelukkig is ek nog nie op daardie vlak van mededinging nie en is die gewone uitdagings vir my groot genoeg!